(Gereformeerde) Perspektiewe op begrafnisrituele

***Dave Viljoen** is predikant by die NG gemeente Kenridge en bied hier sy perspektief op begrafnisrituele.*

... een manier om tot uitdrukking te brengen wat rond dit verlies in ons omgaat.

Die 21ste eeu dra die moontlikheid saam dat sterftes kan toeneem. Die getal bejaardes is besig om te verdubbel. HIV / vigs raak onstuitbaar en moord en selfmoordstatistieke toon 'n opwaartse kurwe. Volgens *Statistics South Africa* het 176 475 mense in 1991 in Suid-Afrika gesterf. In die jaar 2000 het 362 450 gesterf. Die getal sterftes het meer as verdubbel in minder as 10 jaar.

Die geskiedenis van die Christendom wys interessante perspektiewe rondom begrafnisrituele uit. Corja Menken-Bekius skryf: "…*rituelen …* (is) *een kanaal voor onze emoties: een manier om tot uitdrukking te brengen wat rond dit verlies in ons omgaat. Daar hebben we soms nauwelijks woorden voor, maar als we een ritueel hebben, dan hebben we tenminste een expressievorm*".[5] In die jare sewentig toe heelwat rituele in die samelewing begin verdwyn het – het terapeute in die psigoterapie juis begin om rituele en hul helende waarde te ontdek.[3] Gerard Lukken skryf: "*Zij kwamen ertoe cliënten bepaalde rituelen voor te schrijven om aldus impasses bij kritieke overgangen in het leven, zoals bij echtscheiding of het afscheid van een overledene, te doorbreken* ".[3]

Historiese perspektiewe rondom begrafnisrituele bring twee waardevolle aspekte aan die lig:

- Die **Paasverhaal van Jesus Christus** is die kern van alle troos.
- Daar kan meer gebruik gemaak word van die **sakramente** in terme van **doopherinnering** en **brood en wyn**.

Eerstens die koppeling aan **Jesus se Paasgebeure**. Die teologiese dimensie van troos te midde van dood en hooploosheid is geleë daarin dat ons diepste troos getap word uit die hoop wat Christus se opstanding gee en die ewige lewe wat daaruit voortvloei. [1,2,4,8] Gerard Lukken beskou die opstanding van Jesus as die teologiese *primus* van alle Christelike rituele.[3] Hy skryf: "*Centraal in het christelijk ritueel staat Jezus van Nazareth als eerstgeborene uit de doden. Aan zijn dood en opstanding verleent alle christelijk ritueel zijn eigen identiteit.*" Menken-Bekius vertel die verhaal van 'n vrou wat haar man aan die dood afgestaan het – maar wat baie komplekse rousmart beleef het.[5] Nie net die hartseer nie maar ook jarelange onuitgesproke kwade gevoelens omdat hy haar mishandel en bedrieg het. Menken-Bekius het toe die volgende liturgies-pastorale ritueel met die dame deurgewerk.

- Die datum wat gekies is vir die ritueel was die verjaardag van haar oorlede man.
- Eers is die paaskers aangesteek.
- Die pastor het gebid om God se teenwoordigheid en hulp.
- 'n Musiekinstrument (hobo) het "*Heer ontferm U* " in klagtoon gespeel
- Psalm 39 (waarmee die dame baie sterk geïdentifiseer het in haar situasie) is voorgelees.
- Die dame het haar "*bidprentje* " ('n opstel oor die lewe van haar man en die geskiedenis van hulle huwelik wat oorgaan in 'n gebed) hardop voorgelees.
- Die "*bidprentje* " is toe in die vlamme van die paaskers verbrand. Die paaskers se teologiese simboliek van sterwe en opstanding wek die verstaan van nuwe lewe en van Jesus wat die sonde van die wêreld wegneem. Hierna het die dame lank gestaan by die as van die verbrande papier en terwyl haar trane rustig gevloei het – het sy nog vertel van haar man.
- Sy en die pastor het die *Onse Vader* saamgebid. Veral die woorde "vergeef ons ons skulde soos wat ons ook ons skuldenaars vergeef " het nuwe waarde gekry.
- 'n Trompet het Paasmusiek gespeel.
- Hulle het die kapel verlaat met die pastor wat die seën van die Here uitgespreek het.
- Hulle het saam koffie gedrink na die tyd.

Die dame se evaluering van die ritueel was: "*Het is goed zo.* " En sy het by herhaling gesê: "*Ik heb echt de deur dichtgedaan* ". [5]

Gelowiges gryp in die twintigste eeu weer terug na die vroeë kerk se sentrale plek aan rituele en beelde wat herinner aan die Paasgebeure.[8] Hiervan is die *Book of Worship* (1992) van die *United Methodist Church* se begrafnisliturgie: "*A Service of Death and Resurrection*"'n sprekende voorbeeld. Van die vroegste gedokumenteerde huishoudelike rituele by sterftes het afgespeel terwyl die persoon gelewe het – oomblikke voor sterfte – as voorbereidingsrituele op die naderende dood.[8] Dit het onder andere bestaan uit die voorlees van die Paasverhaal uit een van die evangelies en die bediening van die ***viaticum*** (laaste kommunie).

'n Noemenswaardige herinneringsritueel uit die geskiedenis van die kerk was *Radonista* ("dag van vreugde") wat deur Ortodokse Christene gevier is op die Maandag of Dinsdag van die tweede paasweek.[8] Eiers wat rooi geverf is, is op die grafte van geliefdes geplaas terwyl hulle paasliedere gesing het.

'n Onlangse ritueel wat tydens begrafnis en roudiensliturgieë toegepas kan word – word met twee kerse uitgevoer. Dit werk so:

- Twee kerse – 'n gewone kers en 'n wonderkers (wat weer brand as dit doodgeblaas word) word aangesteek.
- Die simboliek van die twee vlamme simboliseer die lewens van twee tipes mense. Gelowiges (wonderkers) en ongelowiges (gewone kers).
- Die gewone kers se vlam word doodgeblaas; dit doof uit en tekste oor die ewige dood soos Joh 15:6 en Op 21:8 word daarmee saam gelees.
- Die wonderkers word doodgeblaas; dit slaan weer aan die brand en eskatologiese oorwinningstekste soos Joh 11:25 en Op 21:7 word met opsigtelike en liggaamlike vreugde gelees.

Wat die **sakramente** en toepassings daarvan betref – word die volgende insigte uitgelig. Die assosiasie tussen begrafnisliturgieë en nagmaal bestaan al sedert die Christelike "*funeral feasts* " uit die Bybelse tye.[8] In die weste het dit 'n Katolieke instelling geword tydens begrafnisliturgieë. Hulle het geglo dat die eucharistie tot die voordeel van die oorledene se sieleheil kan wees.[8] Daarom is die "*mis vir die dode* " met inbegrip van die eucharistie gereeld na die begrafnisdiens gevier. Dié Bybels vreemde doktrine het die eucharistie feitlik laat verdwyn uit die sestiende-eeuse Protestantse begrafnisse. Die *Book of Common Prayer* van 1549 het 'n aparte orde vir die "*The Celebration of the Holy Communion when there is a Burial of the Dead* " bevat. Maar dit is teen 1552 uitgehaal.[8] Die Protestante het egter die eucharistie as 'n belangrike aspek van begrafnisse begin terugeis. Want dit simboliseer enersyds die band wat bestaan tussen die gelowige ontslapenes en die lewendes.[8] En andersyds bied dit 'n simboliese en Bybelgetroue herinnering aan die diepste moontlike troos (die Paasgebeure) wat daar kan wees. Die Presbiteriaanse kerk in die VSA se *Book of Common Worship* (1993) sluit byvoorbeeld vandag nog die eucharistie in hul begrafnisliturgie in.

Uit die Katolieke tradisie kan verder gelet word op hul waardevolle en veel ryker rituele omgaan met dood en smart.[7] Een voorbeeld van hul rituele wat die Woord en verkondiging ondersteun, is dat die kis met wywater besprinkel word. Die water dien as herinnering aan die doop en "*dus een inlijving in het lichaam van Christus en ook het teken je deel heb aan de opstanding* ".[7]

'n Ander rituele moment en simboliese handeling wat deur Menken-Bekius aangegee word as van groot waarde tot sinvolle terapie by die dood van geliefdes, is die uitdra van die kis uit die kerkgebou. Want dit herinner aan die doophandeling en "*is symbolisch zeer waardevol. Als je gedoop bent, ben je de kerk binnegedragen* ".[7]

Gelowiges gryp in die twintigste eeu weer terug na die vroeë kerk se sentrale plek aan rituele en beelde wat herinner aan die Paasgebeure.

Bronne

1. De Villiers, MJ 1985. Sterwensbegeleiding. In Christelike perspektief. Lux Verbi, Pretoria.
2. Louw, DJ 1989. Die ontwerp van 'n teologiese antropologie as basisteorie vir 'n effektiewe pastorale bediening. In: Predikant en pastorale praktyk. A.J. Smuts (red). (p4-32)
3. Lukken, G 1999. *Rituelen in overvloed.* Een kritische bezinning op de plaats an de gestalte van het Christelijke ritueel in onze cultuur. Gooi en Sticht, Baarn.
4. Marais, F 1995. Visionering: Begeleiding vanuit die opstanding. In: Nuut gedink oor leierskap. Red.: A. Smit. Lux Verbi, Kaapstad. (p.52 – 75)
5. Menken-Bekius, CJ 1991. Als het hart een moordkuil wordt … Een ritueel als pastorale hulpverlening. *Werkmap (voor) Liturgie 25:108-116.*
6. Menken-Bekius, CJ 1996. Een kanaal voor onze emoties. Rituelen rond de dood. *Rondom het Woord. 38(2):30-37.*
7. Menken-Bekius, CJ 1996. Rituelen houden niet op bij de begrafenis. *Rondom het Woord. 38(2):37- 44.*
8. Westerfield Tucker, KB 1996. Christian Rituals Surrounding Death. *Life Cycles in Jewish & Christian Worship. 4:196-213.*